Waterkruik

JAARGANG 61 NO 37 15 September 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 23 & 24
Oudle.: Br. Douard d'Assonville
Br. Hennie du Plessis
Diakens: Br. Eric Danielz
Br. Riaan Reinecke
Br. Otto de Vries
Br. Theuns van Wyk

Aand: Wyke 25 & 26
Oudle.: Br. Sarel du Plessis
Br. Gert Wibbelink
Diakens: Br. Louw Lemmer
Br. Deon van der Merwe

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonale kas
By die deure : Kerkkas

TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 13, o.l.v sr. Vanessa Vermaak, nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

GESPREKSGELEENTHEID 'CHRIST IN ME'

Dr. Daniël Maritz gaan vanoggend direk na die erediens vir ons meer vertel oor die "Christ in Me" sekte wat hier in ons omgewing posgevat het. Wat is hierdie beweging? Wat moet ek oor hulle weet? Hoe kan ek my kinders toerus as hulle hiermee gekonfronteer word? Almal is hartlik welkom om hierdie geleentheid by te woon. Dit sal na die oggenderediens plaasvind.

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG:
Katkisasie vir die hoërskoolleerders by die pastorie
18:00-18:45 Graad 7, 8
18:45-19:30 Graad 9, 10
19:30-20:15 Graad 11
20:15-21:00 Studente Bybelstudie

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in die konsistorie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee."
2 Tess 3:16

Vandag

Sr. Corlia Bekker	084 602 7367
Sr. Jacorien Swart	082 467 6082
Br. Quintin Venter	082 779 9005

Maandag 16 September

Johannes v Heerden (3)	079 969 4949
Sr. Gené van Wyk	071 682 7782

Dinsdag 17 September

Sr. Esna Venter	082 588 0079

Woensdag 18 September

Br. Deon Bos	083 398 0095
Sr. Ethel Coetzee (jnr)	064 687 2272
Br. Tjibbe Spoelstra	082 571 5372
Br. Jacques Tredoux	073 245 8307
Br. Christiaan v d Merwe	081 554 6421

Donderdag 19 September

Br. Ian de Villiers	082 336 6519
Br. Herman Hamersma	061 003 9129
Sr. Karlise Korff	074 476 5924
Tjaart Mienie (12)	083 300 7869
Br. Piet Robbertse	083 400 8796

Saterdag 21 September

Sr. Petri Ganz	083 719 58 97

Br. Piet Robbertse vier Donderdag sy 94ste verjaardag. Hartlik geluk. Ons bid u die Here se ryke seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag u 'n mooi dag saam met u geliefdes hê.

"Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen." Psalm 56: 4-5

MEELEWING

Hartlik geluk aan *dr. Eric 064 659 8469 en sr. Chané 072 758 5194 Danielz* met die geboorte van hulle eerstelinge Aleeza, op Dinsdag 10 September. Ons is saam met julle dankbaar vir die geskenk uit God se hand en bid haar en julle die seën van die Here toe.

Josh Fogwill is uiteindelike gediagnoseer met 'n verdikking van die hartspier wat die hartfunksie kan belemmer. Dikwels aangebore. Hy sal n defibrillator moet kry om te verseker dat sy hart reg funksioneer en wat sal intree as die hart disfunksioneel sou raak en dan die hart skok om ritme te herstel. Ons bid dat God se liefde en genade elke dag met hom en sy familie sal wees. 082 325 8399

Daar is na toetse vasgestel dat *sr. René Lemmer* endometriose het en dit die pyn veroorsaak. Daar sal in die volgende besluit word wat die behandeling sal wees. Ons wens jou spoedige beterskap toe. 082 440 2748

Hartlik geluk aan br. *Wihan en sr. Ansie 082 821 2877 Oosthuizen* met die geboorte van 'n kleindogter. Ons bid haar en haar ouers die Here se ryke seën toe. Mag sy julle baie vreugde gee.

ATTETSTATE

Hartlik welkom aan *br. Calvin 082 555 9822 en sr. Franciska van der Merwe* wat van Pretoria Alkantrantgemeente kom. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van ons gemeente.

Sr. Helené Swanepoel vertrek na Pretoria Alkantrantgemeente en so ook *srs. Marna Horn en Suréca Horn.*

Ons wens julle alles van die beste toe in julle nuwe gemeente.

ROEPING AS KERKRAADSLEDE

Die Kerkraad het op sy vergadering van 22 Augustus 2024 besluit om die volgende broeders ter approbasie aan die gemeente voor te hou:

As ouderling:

Br. Jaco du Plessis van wyk 7

As diakens:

Brs. Justin Berry, Theo Kumm en Deon Brits.

Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.

Die bevestiging sal DV Sondagaand 29 September tydens die erediens plaasvind.

BEROEPNUUS

Beroepe aanvaar

* Ds P (Philip) Hattingh van GK Bloemhof/ Christiana na GK Naboomspruit
* Ds FR (Franscois) Pretorius van GK Phalaborwa na GK Middelburg, Mpumalanga
*Ds PW (Wouter) Smit van GK Vereeniging na GK Amanzimtoti

Beroepe bedank

Ds FR (Franscois) Pretorius van GK Phalaborwa na GK Vryheid

HULPKOSTER

Die gemeente het behoefte aan die dienste van 'n lidmaat wat van tyd tot tyd sal waarneem en/of help met die Sondagkoster se take. 'n Nominale vergoeding is betaalbaar vir die werk.

Indien u belangstel, skakel asb met Sr Nienke van der Walt hieroor.

Lente is hier....en hoor hoe sing die voëltjies!

Al die veld is vrolik en die Senior Vriende diensgroep bied 'n heerlike middage-ete en kuier aan op **19 Oktober 2024** om lente te vier!
Maak jou reg vir kos uit die boonste rakke.... en 'n heerlike oggend van vermaak van minuut tot minuut, tot noot vir noot. Neem kennis dat vervoer beskikbaar is indien nodig.

Tyd: 11h00
RSVP voor 15 Oktober by Nienke

JONG LOTE SE PIEKNIEK

Die Jong Lote het Saterdag 7 September 'n prettige speletjies dag gehad. Ons het vroegoggend begin met 'n verskeidenheid boeresport waar elke kindjie lekker kon deelneem. Hul het kruiwaloop gedoen, sakspring, toring bou in die water, watergeweer skiet en nog vele meer. Hul het ook geleer om drie-beenresies te hou saam met hul pappas en afgesluit met 'n lekker hindernisbaan waarna elke deelnemer 'n medalje ontvang het.

Die lekker warm dag het almal uitgeput en ons het toe potplanthouers geverf wat later as geskenke gebruik gaan word. Die pappas het lekker boerewors gebraai en ons het die lekker dag afgesluit met roomys en lekker kuier!

Elke jong loot het waarlik die dag geniet en ons sien uit om volgende jaar weer so lekker speletjies dag in ons kalender te hê!

Sien fotos op die kennisgewingsbord.

JEUG VAN GISTER

Ons 2.5 uur lange uitstappie die afgelope Dinsdag na die monument was heerlik, al het ons nooit 'n voet in die monument gesit nie. Daar is soveel ander uitstallings en besoekpunte, dat net een dag eintlik heeltemal te kort is om reg daaraan te laat geskied.

Ons het die Transvaal Kamer met sy baie standbeelde, borsbeelde, foto's van leiers, generaals en ander geskiedkundige figure besoek. Ook die stil sterfkamer van Paul Kruger. Ossewaens, gewere, selfs die Ras kanon wat die eerste volledig Suid Afrikaans vervaardigde kanon was, is uitgestal. Voorwaar 'n Geskiedenisles in een vertrek!

In die biblioteek kon die Vermaaks vinnig hul voorgeslagte "ontdek". Langs die biblioteek is selfs 'n kamer wat Pierneef kunswerke uitstal. Die tuine sê oral dis lente … rooi blommende Koraalbome, 'n Huilboerboon boom, en 'n wildevy boom oortrek van ryprooi vye met voëls wat baljaar.

Ons sal eendag weer moet gaan, want by sóveel uitstallings het ons nie uitgekom nie, ook die liedjietuin en natuurlik die Monument self.

Groot was ons verbasing toe ons nie 'n eet- en drinkdingetjie by die Restaurant kon kry nie agv geen water by die perseel nie. Maar Gereformeerdes kan planne maak: Tee/koffie aangekoop by die kiosk en Tinus se blink idee om sommer daar 'n bord heerlike toebroodjies te kry (dankie Tinus), was 'n gawe oplossing wat dit moontlik gemaak het om lekker in die verlate restaurant om 'n tafel verder te kon kuier en nabetragting te hou oor alles wat ons gesien het. Mieka se vertellings oor gebeure uit die geskiedenis het ons ook langer laat kuier as wat ons beplan het. Dankie aan almal wat dit bygewoon het.

Oorsig oor die Nederlandse Geloofsbelydenis – aangebied deur ds. Gerben Meijer

Die eerste twee sessie van die behandeling van die Nederlandse Geloofsbelydenis is verby. Hierdie belydenisskrif vat die geloof soos wat ons dit as Gereformeerde kerke bely, kragtig vanuit die Woord saam. Hierin kry jy 'n deeglike oorsig oor dit wat ons deur die eeue heen as die kerk van die Here bely. Daar sal ruim geleentheid wees vir vrae en bespreking. Kom woon gerus die volgende sessie by of skakel aanlyn in. Die aanlynskakel word Dinsdag aan die hele gemeente gestuur. Die geleentheid word by die pastorie aangebied.

17 September 19:30: Sessie 3 - Oor die uitverkiesing en erfsonde (Artikels 14-16)

4 November 19:30: Sessie 4 - Oor ons redding deur Christus (Artikels 17-26)

11 November 19:30: Sessie 5 - Oor die kerk (Artikels 27-32)

25 November 19:30: Sessie 6 - Oor die sakramente en die ewigheid(Artikels 33-37)

ALLES EN ALMAL BEHOORT AAN DIE HERE, MAAR NET SOMMIGE MAG NA HOM OPGAAN

Psalm 24

In sy soeke na sin en selfverwesenliking jaag die meeste mense rykdom en besittings na. Hoe meer jy kan verdien en kan besit, hoe beter sal dit met jou gaan. Maar selfs nie eers die biljoenêrs is tevrede nie, want die antwoord lê in die teenoorgestelde rigting.

In hierdie Psalm herinner die Skepper ons dat alles inderdaad aan Hom behoort. "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here." Hierdie Alleeneienaar het destyds vir Hom kinders uitgekies en vir hulle vanaf die berg Horeb sy bevele gegee. Hulle moes ook 'n plek van aanbidding in hulle midde oprig. Eers 'n tabernakel en later die tempel op die tempelberg Sion.

God kommunikeer met die mens vanaf hoogtes, wat skaduwees is van die hoogste hemele waar Hy eintlik woonagtig is. Verder bepaal Hy dat slegs iemand wat suiwer van hart en rein van hande is, na Hom mag opgaan. Ja, slegs iemand wat nie na nietigheid hunker nie en nie sweer by wat vals is nie, mag tot Hom nader - eerstens ten opsigte van die hoogtes op aarde, maar ook uiteindelik na sy woonplek in die hemele. Al die kinders van Jakob (onderkruiper) was onrein van hart en hande, en daarom moes hulle God nader met die bloed van onskuldige diere wat simbolies die straf vir hulle oortredings moes dra om hulle skuld te versoen.

God het later vlees geword in Christus om dit vir ons moontlik te maak om met vrymoedigheid op te gaan na God toe. Maar ook om uiteindelik op te gaan na ons ewige tuiste.

Ware geluk is om genadiglik te besef dat niks aan ons behoort nie, maar dat ons aan God behoort.

Ds. GA Venter (Regardt) (Krokodilrivier/Brits)

PSALM 8

1. Daar is geen land so ver of woes geleë,
   geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
   geen hemelsfeer in die oneindigheid -
   of orals blink u Naam en majesteit.

2. U het, o HEER, wat troon oor alle dinge,
   uit kindertaal en stem van suigelinge
   u mag gegrond, sodat die mens moet swyg
   wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

3. As ek, o HEER, u nagtelike hemel
   daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
   hoe, deur U toeberei, die skugter maan
   met stille gang oor sterrevelde gaan –

4. wat is die mens dan dat U hom gedenk het,
   die mensekind wat U so ryk beskenk het!
   Met eer en heerlikheid is hy gekroon,
   skaars minder as die eng'le om u troon.

5. U laat hom heers. Tot aan die verste strande
   gebied hy oor die werke van u hande.
   U het, o HEER, dit onder hom gestel,
   dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

6. Die os en skaap en wat in wildheid lewe,
   die voëls wat deur hoë lugte swewe,
   al wat deurkruis die paaie van die see -
   tesaam het U dit in sy mag gegee.

7. Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,
   geen strand, o HEER, of wilde waterweë,
   geen hemelsfeer in die oneindigheid -
   of orals blink u Naam en majesteit.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

SKRIBA
Gert Wibbelink
082 787 6537

VOORS DIAK
Herman van Heerden
082 604 3352

OUDL. SKRIBA
Gert Wibbelink
082 787 6537

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

SONDAGKOSTER
Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

KERKKAS

Snap here to pay

SnapScan

DIAKENS

Snap here to pay

SnapScan